**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**BYBELKUNDE SG**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 300**

---

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord VYF vrae.
- Vraag 1 (Afdeling A) is VERPLIGTEND.
- Al die onderafdelings van hierdie vraag moet beantwoord word.
- Verder moet jy TWEE vrae uit Afdeling B en TWEE vrae uit Afdeling C beantwoord.
- Die lengte van jou antwoord moet in ooreenstemming wees met die punte wat aan die vraag toegeken word.

---

## AFDELING A
## VERPLIGTEND

### VRAAG 1
### KORTVRAE

Vraag 1.1 tot 1.6 is kortvrae. Skryf die nommer van die vraag (asook die nommer van die onderafdeling) in jou **antwoordboek** neer en skryf dan die antwoord daarnaas.

1.1 Identifiseer die volgende persone in een sin:

1.1.1 Maria
1.1.2 Saggeus
1.1.3 Lasarus
1.1.4 Judas Iskariot
1.1.5 Nataniël 5x2=(10)

1.2 Gee die betekenis van die volgende woorde in nie meer as een sin nie.

1.2.1 Eskatologie
1.2.2 Sinoptiese evangelies
1.2.3 Openbaring
1.2.4 Metonoia
1.2.5 Hamartia 5x2=(10)

1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is.

1.3.1 Jesus is gesalf tot die ampte van Hoëpriester, Koning en Profeet.

1.3.2 Die frase "in Babilon" verwys na Rome.

1.3.3 Onesimus was Levi se slaaf.

1.3.4 God se verbond met Moses word die natuurverbond genoem.

1.3.5 Judas Iskariot het Jesus verraai vir twintig silwerstukke. 2x5=(10)

1.4 **Meervoudige keusevrae**.
Kies die korrekte antwoord uit die gegewe moontlikhede. Skryf slegs die vraagnommer en die letter van die korrekte antwoord neer, bv. 1.4.6 A.

1.4.1 Hierdie evangelie is NIE ? Sinoptiese Evangelie NIE.

A. Lukas
B. Matteus
C. Johannes
D. Markus

1.4.2 Watter gebod veroordeel die afskryf van huiswerk?

A. Jy mag naas My geen ander gode aanbid nie.
B. Jy mag geen mensgemaakte beelde aanbid nie.
C. Sorg dat jy die Sabbatdag heilig hou.
D. Jy mag nie steel nie.

1.4.3 Die doel van die Johannes-evangelie was om die Jode te oortuig dat Jesus die ______ is.

A. Liefdevolle God
B. Seun van die Mens (God)
C. Messias
D. Seun van Maria

1.4.4 Die Tweede Algemene Brief van Johannes word gerig aan ______.

A. die Jode in verstrooiing
B. die uitverkore vrou en haar kinders
C. Gauis, my vriend wat ek liefhet
D. Geen idee nie.

1.4.5 Die woord soewereiniteit beteken ______.

A. totale / volkome heerskappy
B. oopmaak
C. ontleed
D. bekend maak 5x2=(10)

1.5 Beantwoord die volgende vrae:

1.5.1 Voltooi die volgende teksvers: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele (a) en met jou hele (b). En die tweede gebod wat hiermee gelykstaan, is: Jy moet jou (c) liefhê soos jouself." (Matt 22: 35-40) 3x2=(6)

1.5.2 Voltooi die volgende teksvers: "Laat nie my wil nie, maar U wil ____" (2)

1.5.3 Skryf die doksologie van die Onse Vader-gebed neer. (2)

1.6 Verbind die name in **Kolom A** met die korrekte inligting in **Kolom B**. Skryf slegs die korrekte letter teenoor die vraagnommer neer, bv. 1.6.6 – F.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.6.1 Jakobus | A. Regverdiging deur geloof |
| 1.6.2 Korintiërs | B. Silas, Silvanus |
| 1.6.3 Romeine | C. Beheersing van die tong |
| 1.6.4 Openbaring | D. Pergamum |
| 1.6.5 II Petrus | E. Liefde |

5x2=(10)
**[60]**

AFDELING B
**INLEIDING TOT DIE NUWE TESTAMENT**

- Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.
- Beantwoord al die onderafdelings van die vrae wat jy kies.

**VRAAG 2**

2.1 Noem VYF mense in die Nuwe Testament wat Jakobus genoem word. 5x2=(10)

2.2 "Die evangelie volgens Markus gee ? baie menslike portret van Jesus." Skryf ? paragraaf met gepaste voorbeelde om hierdie stelling te staaf. (10)

2.3 Bespreek die grootheid van Sy (Jesus) soewereiniteit soos dit in die boek Openbaring gevind word. (20)

2.4 In die Eerste Algemene Brief van Johannes val hy die valse leer van die Gnostici oor Jesus aan. Hy weerlê hul argumente met enkele belangrike waarhede oor Jesus. Bespreek die Jesus-begrip onder gepaste opskrifte. (20)
**[60]**

## VRAAG 3

3.1 Skryf ? kort paragraaf oor die inhoud van die Algemene Brief van Judas. (10)

3.2 "Matteus word beskou as die mees Joodse van al die evangelies, want dis geskryf deur ? Jood vir Jode." Gebruik gepaste voorbeelde om hierdie stelling te verduidelik. (20)

3.3 "Die skrywer van die evangelie van Johannes gee spesifieke besonderhede waarvan net ? ooggetuie sal weet." Bespreek hierdie stelling aan die hand van gepaste voorbeelde. (14)

3.4 Bespreek die uniekheid van Sy (Jesus) soewereiniteit soos dit in die boek Openbaring gevind word. (16)
**[60]**

## VRAAG 4

4.1 Skryf ? paragraaf met gepaste voorbeelde om aan te toon dat Lukas spesiale melding maak van vroue. (10)

4.2 Noem en bespreek die VIER hooftemas van die brief aan die Filippense. (20)

4.3 Bespreek die algemene formaat van die Pauliniese briewe. (10)

4.4 Die Evangelie van Johannes word beskou as die boek van tekens. Skryf ? paragraaf oor die eerste teken: "Water word in wyn verander." (Joh 1:19-2:12) (10)

4.5 Skryf aantekeninge oor die Evangelie van Matteus as ? sistematiese Evangelie. (10)
**[60]**

## VRAAG 5

5.1 Skryf ? paragraaf as bewys dat Markus dikwels Aramese woorde gebruik in sy beskrywing van wat Jesus gesê het. (20)

5.2 Bespreek hoe die Lukas-evangelie aandag gee aan sosiale sake. Gebruik die volgende as opskrifte:

- Samaritane
- Die armes
- Die uitgeworpenes
- Die sondaars

(20)

5.3 Noem VYF "EK IS" uitsprake wat in die Johannes-evangelie gebruik word. (10)

5.4 Bespreek die inhoud van die Derde Algemene Brief van Johannes in ? paragraaf. (10)
**[60]**

AFDELING C

## DIE BYBELSE GRONDSLAG VIR DIE CHRISTELIKE GELOOF EN LEWE

- Beantwoord enige TWEE vrae uit hierdie afdeling.
- Beantwoord al die onderafdelings van die vrae wat jy kies.

### VRAAG 6

6.1 Verduidelik hoe geloof in die algemeen gevorm word. (10)

6.2 Skryf ? paragraaf oor hoe God Homself op ? besondere manier openbaar. (10)

6.3 Verduidelik kortliks waarom die Bybel geskryf is. (20)

6.4 Skryf ? kort paragraaf om God se verhouding met Sy Skepping te beskryf. (20)
**[60]**

### VRAAG 7

7.1 Skryf ? kort paragraaf oor Paulus se boodskap oor verlossing. (10)

7.2 Skryf ? kort opstel oor die volgende bede in die Onse Vader-gebed: "Vergeef ons ons oortredinge soos ons ook dié vergewe wat teen ons sondig." (20)

7.3 Verduidelik wat die negende gebod: "Jy mag nie vals getuienis gee nie" vir die hedendaagse Christen beteken. (20)

7.4 Verklaar die betekenis van die woord **verbond** en noem VIER hoofkenmerke van ? verbond. (10)
**[60]**

### VRAAG 8

8.1 Daar bestaan ? besondere verhouding tussen God die Vader en Jesus, Sy Seun. Skryf ? kort paragraaf oor die gevolge van hierdie verhouding. (10)

8.2 Skryf ? paragraaf oor die volgende bede van die Onse Vader-gebed: "Gee ons vandag ons daaglikse brood." (20)

8.3 Bespreek kortliks hoe die hedendaagse Christen die Sabbat moet heilig hou. (10)

8.4 Skryf ? kort opstel om Jesus se kruisiging te beskryf. (20)
**[60]**

## VRAAG 9

9.1 “Jesus se geboorte is deur ? engel aangekondig”. Bespreek hierdie stelling in ? kort paragraaf en gee aandag aan hoe Hy deur die Heilige Gees ontvang is. (10)

9.2 Skryf ? kort opstel oor die volgende bede van die Onse Vader-gebed: “Laat U Naam geheilig word.” (20)

9.3 Bespreek die derde gebod: “Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie” – soos wat dit in die Ou Testament gesien is. (20)

9.4 Bespreek die hemelvaart van Jesus Christus in ? kort paragraaf. (10)

**[60]**

**TOTAAL: 300**

**EINDE**